

# KREATIWITEIT

## met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



## Skep só die illusie van ruimte

**O**m van 'n plaashuis na 'n dorps huis te trek, is nie kinderspeletjies nie en alhoewel kleiner vertrekke meer snoesig en intiem is, verlang 'n mens tog na die oop gevoel wat ruimte 'n mens bied.

Soms is "klein" al wat beskikbaar of bekostigbaar is of dalk is ons noodgedwonge verplig om af te skaal. Hier volg 'n paar wenke om die illusie van ruimte binne 'n klein vertrek te skep.

Ek is 'n groot voorstander daarvan om nie ruimte in die huis te mors nie en om elke beskikbare spasie ten volle te benut. Veeldoeligheid raak al hoe meer gesog omdat ons hierdeur ruimte kan spaar en ook 'n groot finansiële voordeel daaruit kan trek.

As spesiale gaste besoek aflê, wil 'n mens nie noodwendig in die TV-kamer kuier nie omdat 'n televisiestel 'n kamer erg kan domineer. Nie net is dit 'n sterk fokuspunt as dit in gebruik is nie, maar selfs as dit afgeskakel is, trek dit baie aandag omdat al die meubels netjies om die "TV-troon" gerangskik is. Versteek die TV in 'n mooi kabinet met deure wat netjies toegemaak kan word om die tweede gebruik van die vertrek te versteek.

'n Platskerm TV-stel neem minder ruimte in beslag en veral waar beskikbare ruimte skaars is, kan dit teen 'n muur gemonteer word. 'n Mooi hout-geblokte doekskildery kan netjies hieroor hak om die teenwoordigheid van die toestel te versteek en 'n nuwe fokuspunt te skep waar een teenwoordig was.

'n Skootrekenaar maak dit moontlik om enige vertrek in 'n tydelike kantoor te omskep en selfs 'n klein tafeltjie met laaie in 'n ingangsportaal, kan dié area 'n tweede doel gee. Sodra die voordeurklokkie lui, kan 'n mens alles netjies in die laai of in 'n kas indruk alvorens jy die voordeur oopmaak.

In só 'n area sal ek ook nie gebruik maak van 'n kantoorstoel nie, maar 'n meer gemaklike stoel wat huislik en minder kommersieel lyk. Op 'n soortgelyke wyse kan 'n eetkamertafel gebruik word en as die tafel in die kombuis staan, sal hy selfs meer veeldoelig wees. Vir hierdie rede is oopplankombuise so populêr.

Die keuse van meubels in 'n vertrek is ook baie belangrik. 'n Tafel wat oopslaan, indien 'n groter werksoppervlak benodig gaan word, is baie handig om te hê. So ook kan 'n mens baie onder 'n bed bêre as daarvoor voorsiening gemaak is.

'n Ottoman (in ou Afrikaans noem ons dit somer 'n "poef") kan veeldoelig wees en as 'n koffietafel dien wat ook as 'n sitplek gebruik kan word.

Dit is daarbenewens ook 'n lekker stoorarea vir items wat alledaags gebruik word, soos tydskrifte of kontroles. 'n Groepering van 'n paar Ottomans teenmekaar gedruk, wat as 'n geheel tentoongestel gaan word, gaan dit nog meer veeldoelig maak omdat die afsonderlike Ottomans rondgeskuif kan word vir byvoorbeeld sytafeltjies of voetstoeltjies.



▲ 'n Spieël skep aansienlike diepte in enige vertrek en gee 'n nuwe dimensie daaraan.